Junie-eksamen

Punte: 300 **Tyd: 3 ure**

Vraag 1 Inkomstestaat, Balansstaat en Aantekeninge **(36 minute, 60 punte)**

Die volgende inligting is van die rekeningkundige rekords van Naledi Bpk. geneem. Hulle finansiële jaareinde is 28 Februarie 20.9. Die deurlopende voorraadstelsel word gebruik.

Gevra

Gebruik die gegewe inligting en voltooi:

1.1 Inkomstestaat (20)
1.2 Die volgende Aantekeninge:
1.2.1 Behoue inkomste (10)
1.2.2 Handels- en ander betaalbare bedrae (5)
1.3 Balansstaat (25)

Inligting

Die volgende syfers is alreeds in die Finansiële State op 28 Februarie 20.9 geboekstaaf:

Verkope	3 600 000
Bedryfswins vir die jaar	840 000
Rente-inkomste (op vaste deposito vir die jaar)	40 000
Netto wins vir die jaar na belasting	308 000
Interim dividende verklaar en betaal	120 000
Handelskrediteure	380 800
Vooruitontvange inkomste	24 000
Opgelope uitgawes	18 000
Lening by SA Bank	2 000 000
Handels- en ander ontvangbare bedrae (totaal)	480 000
Handelsvoorraad (totaal)	620 000

Addisionele inligting wat geboekstaaf moet word op 28 Februarie 20.9

1 Goedere word teen winsmarge van 80% op kosprys verkoop.
2 Ander bedryfsuitagwes beloop 20% van Verkope.
3 Kapitaal en reserwes:
- Goedgekeurde aandelekapitaal bestaan uit 500 000 gewone aandele.
- Uitgereikte aandelekapitaal van 100 000 aandele op 1 Maart 20.8 beloop R1 200 000.
- Op 18 Maart 20.8 word 'n verdere 200 000 aandele verkoop teen R15.

4 Die totale aangewende kapitaal op 28 Februarie 20.9 beloop R7 000 000 en die skuld-ekwiteitsverhouding op 28 Februarie 20.9 is 0,4 : 1.
5 Inkomstebelasting en SAID
- Op 1 Maart 20.8 skuld Naledi Bpk. SAID R3 200.
- Totale inkomstebelasting werklik aan SAID betaal gedurende die finansiële jaar geëindig 28 Februarie 20.9 beloop R112 400.
- Inkomstebelasting word teen 30% van die netto wins voor belasting bereken.

6 Totale dividende vir die huidige fiansiële jaar is bereken as 70 sent per aandeel. Finale dividende sal op 10 Maart 20.9 betaal word.
7 Die vuurproefverhouding vir die jaar geëindig op 28 Februarie 20.9 is 2,4 : 1.
8 Naledi Bpk. ontvang 20% rente per jaar op die vaste deposito. Die vaste deposito het onveranderd gebly gedurende die finansiële jaar.

[60]

Vraag 2 Kontantvloei en verhoudings **(39 minute, 65 punte)**

Die volgende inligting is uit die finansiële rekords van Big Brother Beperk geneem.

Gevra

© Oxford University Press Southern Africa (Edms.) Bpk 2013. Hierdie voorlegging mag slegs vir gebruik in klaskamers gedruk en vertoon word.

2.1 Wys die "Kontantvloei van beleggingsaktiwiteite" soos dit in die Kontantvloeistaat op 30 Junie 20.8 verskyn. (Toon alle berekeninge in hakies) (12)
2.2 'n Nuwe aandeelhouer koop 1 200 aandele op 1 Julie 20.7. Hoeveel het hy betaal? (3)
2.3 Wat is die verskil tussen likiditeit en winsgewendheid? (4)
2.4.1 Bereken die volgende vir 20.8:
2.4.1.1 Persentatsie netto wins voor belasting op omset. (4)
2.4.1.2 Persentasie bedryfsuitgawes op omset. (4)
2.4.2 Lewer kommentaar oor die winsgewendheid van die onderneming. (6)
2.5.1 Bereken die Debiteure-invorderingsperiode vir 20.8 (5)
2.5.2 Kontantvloeiprobleme word ervaar vanweë debiteure wat laat betaal. Lig TWEE maniere uit hoe bestuur debiteure kan aanmoedig om vroeër te betaal. (4)
2.5.3 Lewer kommentaar oor die likiditeit van die onderneming. Verskaf twee finansiële aanwysers om jou antwoord te ondersteun. (6)
2.6.1 Bereken die skuld-ekwiteitverhouding vir 20.8. (4)
2.6.2 Die maatskappy moet 'n afleweringsvoertuig ten bedrae van R200 000 koop. Help die Direkteure om te besluit of hulle nog 'n lening moet aangaan en of hulle nog aandele moet uitreik. (4)
2.7.1 Bereken die netto batewaarde vir 20.8. (5)
2.7.2 Die markwaarde van die aandele is 250 sent. Sal jy jou aandele verkoop? Verduidelik kortliks. (4)

Inligting

1

Uittreksel uit die Inkomstestaat	20.8 R	20.7 R
Omset (R426 320 vir kredietverkope vir 20.9 is ingesluit)	608 820	600 600
Bedryfsuitgawes	186 130	233 600
Rente op lening	56 100	40 800
Waardevermindering	66 000	60 000
Rente op belegging	10 000	6 000
Wins voor belasting	210 000	154 800
Inkomstebelasting	73 500	54 180

2

Uittreksel uit die Balansstaat	20.8 R	20.7 R
Tasbare bates (sien Aantekening 1)	872 000	656 000
Vaste deposito	100 000	60 000
Gewone aandelekapitaal	500 000	340 000
Behoue inkomste	100 000	60 000
Handelsvoorraad	103 450	63 350
Handels- en ander ontvangbare bedrae	64 150	52 650
Langtermynlaste (15% per jaar)	250 000	180 000

3 Aantekeninge
3.1 Aantekening by Tasbare bates
Tasbare bates bestaan uit grond en geboue en toerusting. Toerusting gedurende die jaar verkoop teen drawaarde, R84 000. 'n Gebou is gedurende die jaar gekoop.
3.2 Nuwe aandele word op 1 Julie 20.7 teen R2 elk uitgereik.

4

Finansiële aanwysings	20.8	20.7
Persentasie netto wins voor belasting op omset	?	25,78%
Persentasie bedryfsuitgawes op omset	?	38,39%
Bedryfsverhouding	1,11 : 1	0,84 : 1
Vuurproefverhouding	0,47 : 1	0,38 : 1

© Oxford University Press Southern Africa (Edms.) Bpk 2013. Hierdie voorlegging mag slegs vir gebruik in klaskamers gedruk en vertoon word.

Voorraadomsetsnelheidsverhouding	150 dae	115 dae
Debiteure-invorderingsperiode	?	55 dae
Krediteurebetalingsperiode	97 dae	72 dae
Skuld-ekwiteitverhouding	?	0,45 : 1
Netto batewaarde	?	180 sent

Vraag 3 Korporatiewe bestuur en oudits **(12 minute, 20 punte)**

Gevra

3.1 Waarvoor staan die afkorting IFRS? (1)

3.2 Noem die finansiële state vir die volgende:

3.2.1 "finansiële posisie" (2)

3.2.1 "resultate van hulle bedrywighede" (2)

3.3 Hoekom vereis die Maatskappywet dat publieke maatskappye ge-oudit moet word? (2)

3.4 Alhoewel hierdie ouditverslag aan die aandeelhouers gerig is, sal ander belanghebbende persone dit ook wil lees.
Noem EEN ander persoon wat sal belangstel in die ouditverslag, en verskaf 'n rede hoekom hulle daarin sal belangstel. (3)

3.5 Tydens die AJV, sê 'n aandeelhouer dat sy nie gelukkig is met die woorde 'redelik verteenwoordigend' in die ouditverslag nie. Sy wil hê die ouditeure moet sê dat die finansiële state "korrek is in alle opsigte".
Watter verduideliking moet aan hierdie aandeelhouer verstrek word. Noem EEN punt. (3)

3.6 Die Direkteure is ongelukkig met die hoë ouditfooie wat in die Inkomstestaat getoon word.
Verduidelik hoekom verbetering in interne beheer 'n positiewe invloed op die eksterne ouditfooie teweeg sal bring. Noem EEN punt. (3)

3.7 SAICA is een van die hoof professionele liggame vir rekenmeesters in hierdie land.
Verduidelik TWEE van die hoofrolle wat SAICA speel. (4)

Inligting

Die volgende ouditverslag is deur die ouditeure van Rondebosch Bpk. uitgereik:

OUDIT OPINIE – Aan die aandeelhouers

Volgens ons opinie word die Finansiële State redelik voorgelê, in alle wesenlike opsigte, finansiële posisie van die maatskappy en die groep op 31 Maart 20.9 en die resultate van hulle bedrywighede en vir kontantvloei vir die jaar geëindig, volgens IFRS, en die voorgestelde vereiste wyse deur die Maatskappywet van Suid-Afrika.

Malema & Genote
Geoktrooieerde Rekenmeesterss (SA)
Geregistreerde Genote en Ouditeure
Kaapstad, 15 Mei 20.9

Vraag 4 Voorraadwaardasie **(29 minute, 48 punte)**

Inligting oor Radebe Sokkerballe, met jaareinde 28 Februarie 20.9, word verskaf. Russel Radebe is die eienaar. Die onderneming gebruik die deurlopende voorraadstelsel en die EIEU-metode om voorraad te waardeer.

Gevra

4.1 Verduidelik die term "EIEU". (2)

4.2 Die verkoopsprys van sokkerballe is regdeur die jaar dieselfde. Bereken die verkoopsprys per sokkerbal. (3)
Die eienaar, Russel Radebe, is bewus dat sommige sokkerballe gesteel is uit die stoorkamer gedurende April 20.8. Geen inskrywing is hiervoor gemaak nie.

4.3.1 Bereken die aantal balle wat weg is. (5)

4.3.2 Watter inskrywing sal jy maak om die inligting te boekstaaf? (3)

4.4 Waardeer die voorraad voorhande met jaareinde volgens die EIEU-metode. (7)
Bereken die volgende:

4.5.1 Koste van verkope (5)

© Oxford University Press Southern Africa (Edms.) Bpk 2013. Hierdie voorlegging mag slegs vir gebruik in klaskamers gedruk en vertoon word.

4.5.2 Bruto wins vir die jaar. (3)

Russel is onseker wanneer om sy volgende sokkerbalbestelling te plaas.

4.6.1 Wat is die verwagte tydperk wat die eindvoorraad sal hou? Verskaf syfers of 'n berekening om jou antwoord te staaf. (3)

4.6.2 Watter raad sal jy aan Russel gee oor sy voorraadaankope? Verskaf twee punte. (4)

4.7 Verwys na Vraag 4.3. Na die ondersoek, vind die eienaar uit dat die stoorkamer bestuurder, Peter Baloyi, die sokkerballe gesteel het vir sy kinders se skool sokkerspanne. Peter erken dat hy die sokkerballe gesteel het. Peter beklee die posisie alreeds vir die laaste tien jaar en het geen vorige oortredings op sy diisplinêre rekord nie. Peter word ontslaan. Hy gaan na die KVBA (Kommissie vir Versoening en Bemiddeling en Arbitrasie) en maak 'n onbillike ontslag saak teen die eienaar.

4.7.1 Wat is die doel van die KVBA? Verduidelik kortliks. (3)

4.7.2 Dink jy dat Peter 'n geldige rede het om die KVBA te nader? Noem EEN punt. (4)

4.7.3 Wat was die eienaar veronderstel om met Peter te maak? Noem EEN punt. (3)

4.7.4 Watter prosedure kan die eienaar in die toekoms neem om sy regte te beskerm? Noem EEN punt. (3)

Inligting

Rekeningkundige rekords oor die sokkerballe:

Besonderhede	Datum	Aantal balle	Eenheidprys	Totaal
Beginvoorraad	1 Maart 20.8	750	R110	R82 500
Aankope	2 April 20.8	2 480		R340 800
	31 Mei 20.8	800	R150	R120 000
	28 Oktober 20.8	1 200	R120	R144 000
	18 Desember 20.8	480	R160	R76 800
Eindvoorraad	28 Februarie 20.9	1 100	?	?
Verkope	1 Maart 20.8 tot 28 Februarie 20.9	2 100	?	R430 500

Vraag 5 BTW (30 minute, 50 punte)

Die volgende inligting is geneem uit die boeke van Molo Winkels wat 'n geregistreerde BTW-verskaffer is. Aan die einde van April 2.11 moet 'n BTW-opgawe ingedien word.

Gevra

5.1 Gebruik die inligting uit die joernale en bereken die volgende bedrae:

(A) Kontantontvangstejoernaal= BTW-UITSET kolom (Debiet) (4)

(B) Debiteurejoernaal = Debiteure kolom (4)

(C) Debiteurejoernaal = Verkope kolom (4)

(D) Algemene Joernaal = BTW-UITSET (4)

5.2 Stel die volgende grootboekrekeninge op:

5.2.1 BTW-INSET (11)

5.2.2 BTW-UITSET (13)

5.2.3 BTW-kontrole (6)

Sluit af/balanseer die rekeninge op 30 April 2.11

5.3 Indien die einde van die finansiële jaar 30 April 2.11 is, wat is die bedrag betaalbaar aan/ontvangbaar van SAID en deel van watter Aantekening sal dit uitmaak? (4)

Inligting

1 Saldo's op 1 April 2.11:

BTW-inset	R22 380
BTW-uitset	R28 340

© Oxford University Press Southern Africa (Edms.) Bpk 2013. Hierdie voorlegging mag slegs vir gebruik in klaskamers gedruk en vertoon word.

2 Kolomtotale volgens die hulpjoernale op 30 April 20.8

Kontantontvangstejoernaal

Bank	Verkope	Koste van verkope	Debiteure-kontrole	Korting toegestaan	BTW-UITSET		Diverse
					Dt.	Kt.	
48 340	24 000	12 000	8 900	300	(A)	3 360	12 422

Kontantbetalingsjoernaal

Bank	Han-delsvoor-raad	Krediteure-kontrole	Korting ontvang	Lone	BTW-INSET		Diverse
					Dt.	Kt.	
54 200	28 420	12 600	600	4 500	4 480	84	4 884

Debiteurejoernaal

Debiteurekontrole	BTW-UITSET	Verkope	Koste van verkope
(B)	1 400	(C)	?

Debiteure-afslagjoernaal

Debiteurekontrole	BTW-UITSET	Debiteure-afslag	Koste van verkope
1 140	140	1 000	500

Krediteurejoernaal

Krediteure-kontrole	Handelsvoorraad	Toerusting	Skryfbehoeftes	BTW-INSET	Diverse
34 200	16 800	8 480	310	4 200	4 420

Krediteure-afslagjoernaal

Krediteure-kontrole	Handelsvoorraad	Toerusting	Skryfbehoeftes	BTW-INSET	Diverse
4 788	3 200	660	-	588	340

Algemene Joernaal

Dag	Besonderhede	Fol.	Debiet R	Krediet R
30	Oninbare skulde		250	
	BTW-UITSET		(D)	
	Debiteurekontrole			?

Vraag 6 Bankversoening en interne beheer **(28 minute, 46 punte)**

Gevra

6.1 Berei die Bankversoeningstaat op 31 Mei 20.8 voor.
Let wel:
- toon jou berekeninge om die bank saldo te balanseer na die Bankrekening.
- die saldo volgens die Bankstaat is die verskil. (22)

6.2 Beantwoord die volgende vrae:

6.2.1 Verduidelik kortliks hoekom voorbereiding van versoenings belangrik is ten opsigte van interne beheer. (3)

6.2.2 Indien tjek B 89712, R270 , nie op die Bankstaat vir Junie 20.8 verskyn nie, wat sou die korrekte rekeningkundige prosedure wees en hoekom sou jy dit doen? (3)

6.2.3 Indien tjek B 89830, R826, nie op die Junie 20.8 Bankstaat verskyn nie, wat sou die korrekte rekeningkundige prosedure wees? (2)

6.2.4 Die finansiële jaareinde is 30 Junie 20.8. Wat sou die rekeningkundige prosedure wees vir tjek B 89834, R3 400? (3)

© Oxford University Press Southern Africa (Edms.) Bpk 2013. Hierdie voorlegging mag slegs vir gebruik in klaskamers gedruk en vertoon word.

6.2.5 Probleemoplossing

Jy is die interne ouditeur vir Masango Winkels en sien dat daar op beide die April en Mei 20.8 Bankversoenings baie groot uitstaande deposito bedrae verskyn. Tydens jou ondersoek kom jy agter dat die kassiere reeds hierdie bedrae lank voor die Bankstaatdatum ontvang het.

Lys punte om in jou verslag aan die Hoof Rekenmeester van Masango Winkels te plaas wat jou bekommernis en voorstelle aangaande die volgende punte aanspreek:

6.2.5.1 Watter onwettige optrede van die kassiere, wat veroorsaak dat daar sulke groot bedrae uitstaande is, vermoed jy vind plaas? (3)

6.2.5.2 Bespreek DRIE interne kontrolemaatreëls wat geïmplimenteer kan word in die Finansiële departement om soortgelyke probleme in die toekoms te vermy. (6)

6.2.5.3 Bespreek TWEE stappe wat geneem behoort te word indien jou vermoede dat die kassiere betrokke is by onwettige optrede, bevestig is. (4)

Inligting

1 Op 1 Mei 20.8 toon Masango Winkels se bankrekening 'n debietbalans ten bedrae van R2 700. Op 31 Mei 20.8 voordat die Bankstaat vir Mei ontvang is, wys die kontantjoernale se bankkolomme die volgende:

Totale ontvangstes	R33 720
Totale betalings	R38 415

2 'n Vergelyking tussen die KOJ en die KBJ met die Bankstaat wys die volgende verskille:

2.1 Die volgende verskyn slegs in die kontantjoernale:

Tjeks:	B 89712	R270	(gedateer 25 Januarie 20.8; as donasie uitgereik)
	B 89830	R826	(gedateer 14 Mei 20.8)
	B 89834	R3 400	(gedateer 2 Julie 20.8; aan krediteur uitgereik)

'n Deposito ten bedrae van R1 620 op 31 Mei 20.8 gemaak.

2.2 Die volgende verskyn slegs op die Bankstaat:

'n Deposito ten bedrae van R750 vir huur ontvang van huurder, Sebake Agentskappe, direk in die bank inbetaal.

'n Stoporder ten gunste van Sanlam Versekeraars, R165.

'n Geweierde tjek, R120, ontvang van J. Mantbo, 'n debiteur.

'n Tjek ten bedrae van R150 deur 'n onbekende person getrek, maar gedebiteer op Masango Winkels se Bankstaat.

Heffings:

- Diensfooie R33
- Kontant depositofooi R21
- Depositoboek R11
- Rente op oortrekking R298

Vraag 7 Debiteure-ouderdomsontleding (7 minute, 11 punte)

Leon Malepe is die boekhouer by Rowland Lodge. Die eienaar van die lodge, mnr. R Rowland, is bekommerd oor sy verskillende ondernemings. Leon stel die debiteure-ouderdomsontleding saam en faks dit aan mnr. Rowland.

Gevra

7.1 Hoekom dink jy is dit belangrik vir mnr. Rowland om ingelig te word oor die ouderdomsontleding by Rowland Lodge? (3)

7.2 Noem vier aspekte in die ouderdomsontleding waaroor mnr. Rowland bekommerd behoort te wees. (11)

© Oxford University Press Southern Africa (Edms.) Bpk 2013. Hierdie voorlegging mag slegs vir gebruik in klaskamers gedruk en vertoon word.

Inligting

Leon stel 'n debiteure-ouderdomsontleding (sien hieronder) saam en faks dit aan die eienaar.

Debiteur	Lopend R	> 30 dae R	> 60 dae R	> 90 dae R
Venter	1 350	1 350	450	900
Fouche	500	(900)	500	500
Radebe	7 000	0	0	0
De Beer	900	200	0	0
Abrahams	600	1 200	0	12 000
Pretorius	350	0	0	0
Totale	**10 700**	**1 850**	**950**	**13 400**

Antwoordblad vir Vraag 1

INKOMSTESTAAT	
Verkope	3 600 000
Koste van verkope	
Bruto wins	
Bedryfsinkomste	
Bruto inkomste	
Bedryfsuitgawes	
Bedryfswins	840 000
Rente-inkomste (op vaste deposito)	40 000
Netto wins voor rente-uitgawe	880 000
Rente-uitgawe	
Netto wins voor belasting	
Inkomstebelasting	
Netto wins na belasting	
Aantekeninge by die Finansiële State	
Behoue inkomste	
Totale dividende	
Betaal	120 000
Handels- en ander betaalbare bedrae	
Handelskrediteure	380 800
Vooruitontvange inkomste	24 000
Opgelope uitgawes	18 000

© Oxford University Press Southern Africa (Edms.) Bpk 2013. Hierdie voorlegging mag slegs vir gebruik in klaskamers gedruk en vertoon word.

Balansstaat soos op 28 Februarie 20.9	
BATES	
Nie-bedryfsbates	
Bedryfsbates	
Voorrade	620 000
Handels- en ander ontvangbare bedrae	480 000
Kontant en kontantekwivalente	
TOTALE BATES	
EKWITEIT EN LASTE	
Kapitaal en reserwes	
Nie-bedryfslaste	2 000 000
Bedryfslaste	
TOTALE EKWITEIT EN LASTE	

© Oxford University Press Southern Africa (Edms.) Bpk 2013. Hierdie voorlegging mag slegs vir gebruik in klaskamers gedruk en vertoon word.